

7 Augustus 2014

Jaargang 7 – Uitgawe 25

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad



Teken in op die e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

VOORBLAD

Het beestje moet een naam hebben

Hierdie Nederlandse spreekwoord wil sê dat 'n mens beter kan uitmaak waaroor iets gaan as jy daaraan 'n naam kan gee. Wie ook al in die gryse verlede aan die stuk berg wat afkyk op Kaapstad die naam *Duiwelspiek* gegee het, sou seker nooit kon dink dat dié naam in die jaar 2014 so 'n groot herrie sou ontketen nie.

'n Maand of twee gelede het 'n groep *prominente Christenleiers* in Kaapstad beswaar aangeteken teen die naam Duiwelspiek. Hulle het aangevoer dat dit onvanpas is dat so 'n naam saam met Tafelberg, Seinheuwel en Leeukoppie oor die stad wag hou.

Hul standpunt het 'n hewige debat ontlok en gou was daar briewe in die pers wat gesê het dat, as hierdie standpunt enigsins water hou, daar ook aandag gegee sal moet word aan Duiwelskloof, Duiwel se Skoorsteen, Satansbos, Duiwelsberg, Duiwelsbosberg, Duiwelsgatrivier, Duiwelskneukels, 'n hele paar Duiwelskoppe, Duiwelsnek, Duiwelsvlei, Devil's Gorge, Devil's Hoek, Devil's Tooth, Devil's Window, die Hel, Helbrandkloofspruit, Hell's Gate, Hell's Gate Kloof, Hell's Gates, Helshoogte, Helspoortpas, Helrivier, Hotazel, Satanskop, Satansnek, Satansplatz... En moenie die hekse en die hexe vergeet nie.

Iemand het ook gewys op idiome soos die duiwel is los; daar kan die duiwel niks uit wys word nie; hoe meer die duiwel het, hoe meer wil hy hê; gee die duiwel die eer wat hom toekom; hy is 'n duiwel om te werk; die duiwel het in hom ingevaar; die duiwel sit jou voete reg; by die duiwel gaan raad vra; op sy duiwel kry; te dom om vir die duiwel te dans. Christiaan de Wet het blykbaar in die Anglo-Boereoorlog gesê: *Dit reën groot duiwels dood en kleintjies se bene af!*

Maar nog is dit het einde niet. 'n Mens sal moet kyk na die name van die dae van die week. Sondag is 'n vertaling van die Latynse *Dies solis* – die dag wat gewy is aan *Sol Invictus*, die songod. Maandag is 'n vertaling van *Dies Lunae*, die dag van die maangod. Dinsdag het waarskynlik sy oorsprong by die Germaanse god *Thingsus*, die god van die volksvergadering. Woensdag is vernoem na *Wodan*, die Germaanse oppergod. Donderdag is vernoem na die Germaanse god *Donar*, die god van donderweer. Vrydag is vernoem na *Freya*, die Germaanse godin van vrugbaarheid, liefde en wellus. Saterdag is 'n vertaling van *dies Saturni* – die dag van Saturnus, die god van die landbou. Elke dag van die week verwys na die een of ander afgod!

Maar so ook die name van die maande van die jaar. Januarie kom van *Janus*, die god van by die poorte in- en uitgaan, van die oorgang tussen oud en nuut. Februarie kom van die Latynse *februare* wat reiniging beteken. In dié maand het die Romeine hul reinigingsoffers gebring. Maart is vernoem na *Mars*, die god van die oorlog. April kom van *aprilis*, wat teruggaan na 'n Etruskiese woord wat te make het met *Aphrodite*, godin van die liefde.

Mei kom van *Maia*, in Romeinse mitologie die moeder van Mercurius, die godin van groei. Junie kom van *Juno*, die beskermgodin van die vrou, die huwelik en geboorte. Julie is vernoem na Gaius Julius Caesar, die groot Romeinse generaal wat na sy dood tot 'n godheid verhef is en Augustus na sy seun Augustus, eerste keiser van die Romeinse Ryk, wat homself tot 'n god verklaar het. September kom van *septem* (7), Oktober van *octo* (8), November van *novem* (9) en Desember van *decem* (10). Maar dié is nou maande 9 tot 12 op ons kalender!

'n Mens kan egter so besig wees om die duiwel agter elke bos te soek (skuus, nog enel!), dat jy in die proses jou fokus van die goeie, die opbouende, wegneem. Hebreërs 12: 2 maan ons nie verniet nie om in die wedloop van die lewe *die oog gevestig te hou op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof*.



Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org
Die Hervormer www.hervormer.co.za
e-Hervormer www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html
Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

Ds Etienne Fourie

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by ernest.vaneck@up.ac.za om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by www.nhka.org te plaas.



Ds Suzelle Lange

Beroep aanvaar

- **Ds S (Suzelle) Lange** van Rustenburg Jac van Belkum (deelyds) na Newlands (deelyds) (sy is reeds op 3 Augustus bevestig)

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na produksie@nhk.co.za. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- **Mev Marlize Rautenbach**, vrou van ds Piet Rautenbach, het op Dinsdag 5 Augustus 'n breukoperasie ondergaan. Ons bid haar algehele herstel toe.
- **Helena en Attie Prinsloo** van die Sinodale Kerkkantoor se Ouditafdeling het op 1 Augustus hul 50ste huweliksherenking gevier. Baie geluk met die mooi mylpaal!
- **AARDBEWING.** Die **Kommissie van die ADV** spreek sy meegevoel uit teenoor almal wat skade gely het met die aardbewing op Dinsdag 5 Augustus, veral in die gemeenskappe van Orkney en omgewing. Ons wil ook 'n uitnodiging rig dat indien daar mense is wat skade gely het wat nie deur die betrokke gemeente se diakonaat of die RDV hanteer kan word nie, die sekretaris van die ADV gekontak kan word by 012 322 8885 x221 of gerhard@diakens.co.za.
- **Alle predikante van die Kerk**, diensdoende en emeriti, het waarskynlik reeds hul gratis eksemplare van die Nuwe Testament en Psalms van **Die Bybel: 'n Direkte Vertaling** as geskenk van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika ontvang. Indien daar dalk predikante is wat dit nog nie ontvang het nie, word hulle vriendelik versoek om met mev Anne-Marie Nortjé, sekretaresse van drr Kálmán Papp en Stephan Hoffman, in verbinding te tree by 011 970 4010. Skakel egter asseblief eers vooraf met u ringskriba wat dit dalk namens u in ontvangs geneem het tydens vanjaar se ringsvergadering.
- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES.** Ter wille van jou en jou dierbare(s) se veiligheid, maak seker dat jou huis- of straatnommer prominent en duidelik sigbaar en leesbaar is, sodat alle nooddienste, die SA Polisiediens en wie dit ook al dringend nodig mag hê, nie daarna hoef te soek nie. Sorg dat alle noodnommers altyd redelik binne jou bereik is, byvoorbeeld dié van die SAP, blitspatroolie, ambulans, bure, kinders, ensovoorts. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.
- **AANDAG ALLE OUD-VAN DER HOFFERS!**
Spesiale feesdinee om die Vereniging se **90-jarige bestaan** te vier
Waar: Tukkiesses Klubsaal (Burgundy's)
Wanneer: **Donderdag 28 Augustus 17:30 vir 18:00**
Antwoord asseblief voor 20 Augustus
R180 per persoon en R150 per persoon per paartjie
Besprekings en navrae aan Dewald Kruger by dewalq@gmail.com
of Elmien Knoetze by vdhstudente@gmail.com
- **Gemeente Bergsig** in Mountain View, Pretoria, benodig 'n **orrelis**. Die salaris is volgens die Kerk se riglyne, en die sluitingsdatum vir aansoeke is **20 Augustus**. Navrae aan ds Freddie Nortjé by nortjerika@gmail.com / 074 308 7332.



Bybelse Dagboek / Almanak 2014



Nou net R50
(posgeld uitgesluit)

Kry belangrike
inligting oor die
Hervormde Kerk
en 'n inspirerende
Bybelse dagboek
in een omslag

Bestel NOU

Bestel by sentik@nhk.co.za of by u gemeentelike kantoor

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Sondag 17 Augustus 11:00: Gemeente Sionspoort**
50ste ampsjubileum en verjaardag van ds DGS (Douw) Steyn
Ds Steyn is op 21 Maart 1964 in Gemeente Duncanville georden
Oudl FJ Paynter sal die geleentheid
namens die Kommissie van die AKV bywoon
Navrae aan dr Johan van Staden by jvstaden@intekom.co.za

'n Gedig vir alle moeders en dogters

Voorjaarsprokie vir my ma

*my mamie staan voor haar kersieboom
en fluit soos 'n koningskanarie en droom
dat die son om haar kop soos 'n kroon
sal pas dat die wind lojaal aan die seisoen
van nou af suid sal hou
dat die trapsoetjies uitsluitlik die jasmyn
sal bewoon dat die erdwurms
ook hulle deel sal doen
en sy staan nog so voor haar kersieboom
en fluit soos 'n kinds keiserin
toe die lente serieus soos 'n groen mandaryn
uit die skimmelperdskoets van die winter klim
en kop in een mus met my mamie
same ágter die kersieboom verdwyn*

Marlene van Niekerk

(Uit: *Sprokkelster* 1977. Hierdie debuutbundel is in 1978 bekroon met die Eugène Marais-prys en die Ingrid Jonker-prys)

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 15 Augustus, en word hartlik geluk gewens:**
 - o Donderdag 7 Augustus: Prof LJS (Lourens) Steenkamp (emeritus), di HJ (Kobus) Celliers (Brits), EJ (Rassie) Smit (emeritus) en JAP (Johans) van Tonder (Balfour)



- o Vrydag 8 Augustus: Ds JB (Jan) Schutte (siekte-emeritaat)
- o Sondag 10 Augustus: Ds J (Johan) Ayres (Germiston)
- o Woensdag 13 Augustus: Ds JMJ (Jan) de Wet (emeritus)

Beplande vergaderings

- o Donderdag 7 Augustus: OSR Personeeldag
TOIBO
- o Maandag 11 Augustus: ADV Redaksie
- o Dinsdag 12 Augustus: OSR Operasionele Komitee
- o Woensdag 13 Augustus: Kernkomitee Finansies en Administrasie
- o Donderdag 14 Augustus: OSR Finkom
Direksie van die Monumenttehuise
TOIBO
- o Vrydag 15 Augustus: Moderamen
- o Saterdag 16 Augustus: ADV Kommissie
OSR Jaarvergadering

Kursusse en toerusting

- **Donderdag 14 Augustus om 14:00: UP Fakulteit Teologie**
Lesing deur prof Christian Frevel (Universiteit Bochum, Duitsland)
*Broken faith and the discovery of theology:
Some insights in reasoning within the book of Lamentations*
In Teologie 2-10
Navrae aan prof Alphonso Groenewald: Alphonso.Groenewald@up.ac.za
- **Simposium oor die lewe en teologie van Rudolf Bultmann**
Woensdag 20 Augustus 09:00 tot 14:30 by die Sinodale Kerkkantoor
(Bultmann is op hierdie datum 130 jaar gelede gebore)
Aangebied deur die *Tydskrif vir Hervormde Teologie (THT)* en
die Hervormde Teologiese Kollege (HTK)
Kort voordragte deur dr Gert Malan, Piet Boshoff, Gafie van Wyk, Jaco Beyers,
proff Andries van Aarde, Ernest van Eck, Natie van Wyk en ds Elritia le Roux
Die volledige referate sal in die *THT* 2014(3) gepubliseer word
Die verwerkte voordragte sal in die *HTS* gepubliseer word
Almal welkom
Laat weet prof Natie van Wyk (aim1@mweb.co.za) indien u gaan bywoon
- **Konferensie oor Gesins- en Jeugbediening & Bybelvasvra**
26-28 September
Kwaggasrus Kampterrein
Predikante, kerkraadslede, jeugmentors, ouers, jongmense en ander welkom
Koste: R380 per persoon (2 nagte, 3 dae) kamp-akkommodasie
en 5 etes ingesluit
(chalets beskikbaar teen hoër tariewe)
Vir inligting en besprekings rakende konferensie, skakel di Thinus van Staden
(084 589 7035) of Marthinus van Staden (+267 7130 7197)
Vir inligting en besprekings rakende Bybelvasvra, skakel di Stephen de Beer
(083 781 2955) of Marius Bacon (083 297 6135)

Allegaatjie

Vroue en katte sal doen net wat hulle wil, en mans en honde moet eenvoudig ontspan en gewoon raak aan die idee. (Robert A Heinlein, wetenskapfiksieskrywer)

*** 'n Rustige Vrouedag op Saterdag 9 Augustus aan al ons vroue en dogters!

Konserte en feeste

- **Ds Fanie Beukes en Doulos Armoedebediening**
Reël 'n geestelik opbouende aand
Die kunstenaar en Doulos verskaf die plakkate en kaartjies gratis
Kaartjies kos R60 (gemeente, kunstenaar en Doulos kry elk R20)
Kosverkope is deel van gemeente se wins
Navrae: 073 167 1183 / tel en faks 086 208 3624
E-pos: dankieHeer@gmail.com
www.facebook.com/dankieHeer

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Bulawayo: Gemeente-hulpfonds 2014: Kompetisie**
Vir pastorale bediening aan bejaarde en behoeftige lidmate
Wen vleis of kontant – vleis sal deur u naaste slaghuys gelewer word
Inskrywings in veelvoude van R20
Trekking Saterdag 6 September 2014
Navrae aan Marlene van der Merwe in Pretoria: 072 436 6714



FONDSINSAMELING
Gemeente Namib-Suid

Ons verkoop heerlike wildsbiltong!
Springbokbiltong @ R250 per kg
Gemsbokbiltong @ R200 per kg
Koedoebiltong @ R200 per kg

Plaas asseblief bestellings by Carina Joubert
by carina.joubert@gmail.com

Basaars en markte



THABAZIMBI APIESDORING KARNAVAL
Saterdag 9 Augustus 2014

*Plek van die
vleis(vr)eters!*

www.apiesdoringkarnaval.co.za
083 488 6357



- **Vrydag 29 Augustus: Gemeente Barberton: Lentefees en dans**
Coronation Park
Optrede en musiek deur Anne-Mari vanaf 19:00
Lentefees van 12:00 tot laat
Eet- en drinkgoed, winskopies
Kontak ds Petrus Dreyer 082 453 8094 / Eureka 082 751 6837
nhk@wi-net.biz
- **Vrydag 29 tot Saterdag 30 Augustus: Gemeente Rustenburg-Suid**
Willerste Noordweste Fees by Kockstraat 153
Vrydagaand 18:30: Jakkals (Jakkie Louw) en Leo (Kevin Leo)
R100 volwassenes, R40 skoolkinders
Navrae aan Lindy 081 019 3977 / Frikkie 082 445 4336
Saterdag: Fees
Jeugarena, troeteldierfotokompetisie, kunsmark, basaarlekkernye
Wen 'n aand by Akwaaba Lodge en Roofdierpark
- **Saterdag 6 September: Gemeente Sannieshof: Mielie-makietie**
Gaskunstenaar Dewald Wasserfall, toegang gratis
Foefieslaaid van 100 m, Strip-jou-moer-kompetisie
Bieber Boma met Wifi Hotspot vir tieners en vele meer
Wen 'n vaart vir 2 met 'n warmlugballon
Koop 'n lootjie vir R100 en wen 'n oes!
1ste prys: 25 ton mielies of R50 000
2de prys: 4 ton sonneblom of 'n diamant van R20 000
Vir meer inligting kyk by www.mieliemakietie.co.za
Navrae aan Elsa 083 462 7304 / Koos 083 522 8379
- **Saterdag 29 November: Gemeente Wesmoot: Kersmark**
By Makro in Wonderboom
Enige gemeente wat wil saamwerk, kan ds Fanie Beukes kontak
073 167 1183 / faniebeukes@yahoo.com

ANDER NUUS

- **OSR TIENERKAMP 2014.** Die 15de tienerkamp van die Ondersteuningsraad vind plaas van **6 tot 10 Oktober 2014**. Die fokus is op die bemagtiging van ons tieners, nie net vir die jaar wat kom nie, maar ook vir hul lewenspad vorentoe. Knelpunte wat behandel sal word, is portuurgroepdruk, boelie, seksualiteit, en die impak van sosiale media op ons kinders se weerbaarheid veral teenoor kinderhandel en seksuele uitbuiting. Indien u 'n kenner is op die gebied van een van die onderwerpe en 'n bydrae wil maak of dalk iemand ken wat kan help, kontak asseblief vir Suzanne van Deventer by oraad@telkomsa.net / 012 322 8885 x302.

Lesers kan **kort kommentaar** (uiters 100 woorde) stuur na produksie@nhk.co.za. Anonieme bydraes word nie gebruik nie, en die finale besluit oor plasing berus by die redakteur.

Advertensies in die e-Hervormer

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die e-Hervormer **geplaas word**. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Stuur die voorgestelde **teks van nie meer as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie. Die **teks en bewys van betaling**

moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit).** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

AGTERBLAD

Gebed vir die week

Laat ons Jesus loof wat dit vir ons moontlik maak
om die vriendelike, soete woord *Ons Vader*
in die mond te neem.

Want alleen in Hom kan ons die geheim begryp
dat die stem van die Vader
werklik in die donker woud ons naam roep,
en dat ons Hom soos liefhebbende kinders mag antwoord:
Abba Vader!

(Martin Luther)

